

# GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID

***Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,  
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring  
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.  
- 1 Petrus 2:5***

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel. Daarom is eensgesindheid belangrik en dat ons as lewende stene een doel voor oë sal hou - die missie waarop God ons (die kerk) op sit.

Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Om geestelik te groei het jy die gemeenskap van gelowiges om jou nodig.



VOORBEREIDING VIR JOU GROEIGROEP

Die Tema van hierdie byeenkoms kan vir jou groep 'n baie spesiale geleentheid bied. Hier is 'n idee wat jou daarme kan help. Jy Benodig: 2 Kerse vir elkeen, 4 papiertjies om op te skryf vir elkeen en natuurlik 'n pen vir elkeen in jou groep.

OPENING

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)

---



---



---

KOM ONS BEGIN**Ons grootste seer en ons grootste vreugde**

Daar is nie een van ons wat nie al seer gekry het binne 'n verhouding nie. Daar bestaan 'n hele paar verhoudings-sirkels waarin ons leef. Die werk-sirkel, familie-sirkels (aangetroude familie ook), die vriende-sirkel, die huwelik-sirkel (Ook die eks-huwelik sirkel), 'n politieke-sirkel, kultuur-sirkel en dan ook die gemeente-sirkel. Al hierdie sirkels is vir ons belangrik. Dit is ruimtes waar ons wil behoort en 'n plek waar ons wil tuis voel, geliefd, waardeer word en dan ook betekenisvol te kan leef.

Wanneer hierdie dinge nie plaasvind nie kry ons maklik seer en maak ons ook ander maklik seer. Wanneer hierdie dinge wel gebeur is ons weer gelukkig en maak ons ander weer gelukkig. Jesus se gesprek met

Petrus kan ons help om God se hart vir gebrokenheid te verstaan.

Voor ons verder gaan moet ons net eers mekaar herinner aan die volgende: **Matteus 9:12-13**

Maar Jesus het dit gehoor en gesê: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’

## KOM ONS LEES

Johannes 21:15-17

## INHOUD & GESPREK

Hierdie gedeelte is eintlik ‘n baie intieme gesprek tussen Jesus en Petrus. Nadat Petrus vir Jesus 3 keer verloën het steek Jesus sy hand na Petrus toe uit. Dink net met hoeveel skuldgevoel Petrus rondgeloop het oor wat gebeur het. Hy het Jesus teleurgestel. Jesus bied vir Petrus ‘n kans op herstel. Hoe doen Jesus dit en wat kan ons hieruit leer interme van ons eie lewe maar ook vir Kerk-In-Suid?

Die volgende punte is in Sondag se erediens genoem; kan julle hiermee saamstem:

1. Hoe ons met mekaar kommunikeer stoot ons of weg vir ‘n gesprek of dit nooi ons uit vir ‘n gesprek. Jesus het Petrus nie weggestoot nie maar uitgenooi vir ‘n gesprek met Hom. Hoe het jy dit al in jou lewe beleef?
2. Gebrokenheid mag nooit ‘n kompetisie wees nie. Soms maak ons dit ‘n kompetisie in ons verhoudings deur te baklei oor wie van ons die seerste gekry het. Jesus kon maklik met Petrus baklei het oor wat hy aan Hom gedoen het. Het jy al iewers in jou lewe beleef dat gebrokenheid ‘n kompetisie geword het?
3. Om fout te vind maak niks reg nie. Jesus kon maklik vir Petrus gewys het op al sy foute maar dit sou niks help nie. Om fout by iemand te soek maak net dat ons beter oor onself voel vir ‘n oomblik. Hoe het jy dit al in jou lewe beleef?
4. Jesus het ook nie vir Petrus ge-‘label’ nie. Ons kan mekaar so maklik ‘label’ dat ons eintlik die hoop wat ek het om te herstel of anders te wees wegneem van mekaar. Jesus kon maklik vir Petrus uitgejou as ‘die een wat jou sal verloën’ maar hy het nie. Doen jy dit met iemand of iemand met jou?

## UIT SONDAG SE EREDIENS

Jesus bring herstel vir Petrus maar gee hom ook 'n opdrag. Laat my lammers wei en pas my skape op. Jesus het vir Petrus 'n opdrag en ook 'n opdrag vir my en jou: laat MY skape wei. Wie ken jy tans in jou lewe wat weiding nodig het? Maw wie ken jy wat tans honger en dors is? Iemand wat liefde en aanvaarding nodig het, dalk jou vergifnis? Iemand wat mentorskap nodig het? Ons moet dievolgende onthou:

- Gaan leer wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.'
- Jesus se koninkryk word gebou op genade nie oordeel nie
- Hy bring herstel juis vir die wat siek is.

## AFSLUITING

Gee vir elkeen die papiertjies en pen. Raak stil en begelei die volgende proses:

1. Neem die eerste twee papiertjie en skryf aan die eenkant neer waar iemand jou seergemaak of terleurgestel het.
2. Skryf aan die agterkant van daardie papiertjies wat jy dink moet gebeur om vir jou herstel te bring.
3. Neem nou die volgende twee papiertjies en skryf aan die een kant waar jy iemand seergemaak het of terleurgestel het.
4. Skryf nou aan die agterkant wat jy dink jy kan doen om dit te herstel.
5. Steek twee kerse op. Die een simboliseer die feit dat jou lewe belangrik is vir die Here en dat Hy jou gebrokenheid wil herstel. Die tweede kers simboliseer die ander persoon/persone se lewe op jou papiertjies. Daardie lewe is ook belangrik vir die Here en Hy wil ook vir hulle herstel bring.
6. Ons kan nie kies hoe iemand ons gebrokenheid hanteer of probeer herstel nie MAAR ons kan kies hoe ons ander mense se gebrokenheid kan hanteer en dit herstel.
7. Raak stil en bid oor dit wat op jou papiertjies staan. Vra die Here vir vergifnis as dit nodig is maar bid spesifiek vir herstel vir beide jouself en die ander persoon. Vra ook vir die Here om jou te wys wat dit beteken om SY skape op te pas. Bid ook vir jou spesifieke rol by Kerk-In-Suid.
8. -Amen

## NOTAS

---

